Die bekendmaking van die identiteit van anonieme minderjariges by meerderjarigheid: regverdigbaar of nie?

Abraham Hamman en Windell Nortje

Abraham Hamman, Fakulteit Regte, Universiteit van Wes-Kaapland
Windell Nortje, Fakulteit Regte, Universiteit van Wes-Kaapland

Opsomming

Die identiteit van minderjariges word nie bekendgemaak tydens hofverrigtinge nie. Sowel getuies as slagoffers en oortreders kry hierdie vergunning en word deur die wetgewer beskerm. Hierdie beskerming verval egter wanneer hulle 18 jaar oud word. Indien hulle nie die howe nader vir ’n verbod op die publikasie van hul identiteit nie, is daar geen remedie vir sulke persone nie. Hierdie bydrae kyk spesifiek na die posisie van anonieme minderjarige getuies, slagoffers en oortreders wanneer hulle 18-jarige ouderdom bereik. Dit word gedoen om te bepaal of hierdie persone se identiteit met die bereiking van 18 jaar bekendgemaak moet word en of hulle wel geregtig op verdere anonimiteit is. ’n Ander kwessie is of ’n veroordeelde minderjarige misdadiger anders as getuies en slagoffers by die bereiking van meerderjarigheid behandel moet word. Die moontlike effek van media-aanslae op die emosionele ontwikkeling van sulke 18-jariges word ook onder die soeklig geplaas. Verskeie bepalings in Suid-Afrikaanse wetgewing word ontleed wat wel die identiteit van minderjariges beskerm. Die twee uiteenlopende gevalle van Zephany Nurse en die Griekwastad-seun word met mekaar vergelyk. Die een was ’n slagoffer in ’n babadiefstalsaak en die ander ’n veroordeelde minderjarige oortreder. Albei is nou ouer as 18 jaar en waar die een se huidige identiteit deur ’n hofbevel beskerm word, is die ander se identiteit al verskeie kere bekendgemaak nadat hy 18 geword het.

Daar word ook verwys na ’n Engelse saak waar beslis is dat twee veroordeelde minderjarige oortreders se nuwe identiteite wel verswyg moet word na hulle 18 jaar oud geword het, omdat die familie en vriende van hul slagoffer moontlik die wet in eie hande kon neem. Daar word aanbeveel dat die wetgewer oorweging daaraan moet skenk om die bekendmaking van die identiteite van minderjarige getuies, slagoffers en oortreders by die bereiking van 18-jarige ouderdom te hersien.

Trefwoorde: bekendmaking; beskerming; emosionele skade; Griekwastad-seun; mediadekking; minderjariges; ontwikkelingsfase; publisiteit; verswyging van identiteit; Zephany Nurse; 18-jarige ouderdom

Abstract

The disclosure of the identities of anonymous minors upon the age of majority: clean slate or dismal fate?

The identity of all minors is protected during court proceedings. This protection of non-disclosure of identities is available to witnesses, victims and offenders, but expires when they turn 18. Should they desire the further protection of identity, the only option is to approach the courts for the necessary relief. This essay examines whether the identity of these persons should be released at 18 years or whether they are entitled to further anonymity. Another issue is whether a convicted minor criminal should qualify for the same protection as victims and witnesses.

Two different cases, one of a victim and the other of a convicted criminal, are analysed. While both persons are now older than 18 years, the one's current identity is protected by a court order, while the other's identity has been published in the media on various occasions. Zephany Nurse was kidnapped when she was a 3-day-old baby and her kidnappers had her registered under a different name, the current name by which she is known. Zephany is the name given to her at birth by her biological parents, but it is her assumed name given to her by her kidnappers which she has requested the court not to reveal. In terms of a court order the media undertook not to disclose Zephany's current name.

However, the identity of the Griquatown son who killed his family did not receive the same protection and his name was revealed by the press when he turned 18. In 2012, as a minor, he committed the murders on his family's farm, was convicted on charges of murder, rape and obstructing the ends of justice, and was sentenced to 20 years' imprisonment. Although his identity was protected throughout the trial, it was revealed during sentencing proceedings when he turned 18. Should the identity of offenders like him be withheld at the age of 18 years or not?

Various parts of South African legislation protect the identity of minors. It includes provisions in the Criminal Procedure Act 51 of 1977 and the Child Justice Act 75 of 2008 which protect the identity of minor witnesses, victims and offenders. This protection allows a minor the opportunity to carry on with his or her life while the case in court is still pending. However, there is no provision that the identity of a person should be protected after he or she reaches 18 years. At 18 years the details of such a minor may be disclosed in the media and distributed. The South African legislature has left open an opportunity for 18-year-olds, since section 170 of the Criminal Procedure Act specifically states that it protects minors, but they need to be under the biological age of 18 years. It states that protection must also be extended to 18-year-olds who are not of the mental age of 18.

An English case in which two convicted minor offenders' identities have been changed is also referred to. It was feared that the family and friends of the murdered victim could possibly take the law into their own hands and cause harm to the offenders. One of the reasons proffered for this fear was the fact that the media had a negative influence on the emotional development of these 18-year-olds. It was held that it cannot be expected of such persons to lead a normal life if their identities are not protected and if the media are given carte blanche to publicise everything about their daily lives.

Although a right to freedom of speech exists and the media should be allowed to report newsworthy events it cannot be done to the detriment of particular persons. Minors and even 18-year-olds are not all emotionally developed and not all of them can endure the stigma and attention that go with being in the public eye. If it is proven that the possible wide media coverage can have a detrimental effect on a person, such a person should be protected from the media. There is a risk that the disclosure of the identity of minors when they reach 18 could hamper their psychological development. In addition to suffering emotionally, there is always the possibility that the victim's family may hurt the offender when the latter is known to the victim's family. It is proposed that the courts should protect the identity of children when they reach 18 years of age. The right to life and not to be subjected to cruel and inhuman punishment should enjoy preference over the media's right to publish information about the person. Attempts should be made at all times to ensure that the youth's identity is protected in cases where it is extremely dangerous to publish any information about the youth and where there may be future emotional damage for such a youth.

There are number of factors that the courts should take into account when they adjudicate on matters like this. They should establish the emotional age of the person and not take only the biological age into consideration. Some people reach the biological age of 18 years but are not emotionally or psychologically 18 years old. This protection should be extended to 18-year-olds and older people who have not reached the mental age of 18 years. Their identities should be protected despite the fact that they have reached the biological age of 18 years.

Minors appear in our courts on a daily basis. Not all of them will qualify for protection of their identities when they turn 18. Some will appear on minor offences and their cases will in all likelihood not reach the front pages of newspapers. Their cases will be quickly forgotten. It is submitted that only witnesses, victims and offenders who are involved in cases which are widely publicised by the media should get protection. However, they would have to show that it is because of the wide publicity that their case is receiving that their lives are in danger or that they could suffer emotionally if their names are divulged. In the case of a minor offender the onus should be on the defence to prove that these grounds are present and in the case of minor witnesses and victims the onus should be on the state. The court will have to decide whether the applicant's identity at the attainment of 18 years should be protected by a court order.

The disclosure of the identities of minor witnesses, victims and offenders on their attaining the age of 18 is a sensitive issue that must be handled with respect, privacy and care. The courts daily hear cases where the media want access to a case where a minor is involved. Courts are under great pressure to protect the rights of under-age youths, while they also have to consider the rights of the media. Witnesses and victims such as Zephany Nurse should be afforded an opportunity to continue with their lives without the threat of media publicity. If a person such as the Griquatown boy is convicted of a crime, he must be punished. But this does not mean that such a person should walk around with the mark of Cain for the rest of his life. If he has paid his debt and his sentence has been served, he has certainly earned the right to be treated as a normal citizen. If the disclosure of identities like his would result in potential life hazards, loss of life and emotional damage, the identities should rather not be revealed. The legislature is therefore requested to pay urgent attention to this issue.

Keywords: disclosure; emotional damage; Griquatown boy; identity of released minors; media coverage; non-disclosure of minor's identity; protection; publicity; Zephany Nurse; 18-year old

1. Inleiding

Die identiteit van minderjariges (jeugdiges onder die ouderdom van 18 jaar) word nie bekendgemaak tydens hofverrigtinge nie. Wanneer hulle egter 18 jaar oud word, word hul identiteit gewoonlik nie langer in die howe en die media verswyg nie. Hierdie artikel ondersoek twee uiteenlopende gevalle van 18-jariges wat in die media opslae gemaak het. Die een is dié van Zephany Nurse, wat as baba ontvoer is. Haar ontvoerder(s) het haar onder 'n ander naam geregistreer en dit is dié identiteit wat in gedrang is. Zephany is die geboortenaam wat haar biologiese ouers aan haar gegee het. Hoewel sy in die media bekend staan as Zephany, is dit nie die naam wat sy ken nie en was die versoek aan die hof dat die naam wat sy sedert sy drie dae oud was, dra, nie onthul moet word nie. Die media het ingevolge 'n hofbevel onderneem om nie haar huidige, geregistreerde naam bekend te maak nie.[1]

Die ander geval is dié van die Griekwastad-seun wat sy familie vermoor het en wie se identiteit wel deur die pers bekendgemaak is toe hy 18 geword het.[2] Hy het die beskerming van sy identiteit geniet terwyl hy minderjarig was, maar het dit verbeur met die bereiking van 18-jarige ouderdom.

Verskeie voorskrifte in die Suid-Afrikaanse Kinderwet, Strafproseswet asook internasionale reg bepaal dat die identiteit van getuies, slagoffers en oortreders onder die ouderdom van 18 jaar nie bekendgemaak moet word nie.[3]

Gewoonlik word 'n skuilnaam vir sulke minderjariges gebruik, of hy of sy staan bekend as meneer of juffrou X.[4]Sodoende kry die persoon 'n geleentheid om so ver as moontlik normaal met sy of haar lewe voort te gaan.[5] Omdat daar tans geen bepaling is dat die identiteit van 18-jariges steeds beskerming geniet nie, mag dit dan in die wye media bekendgemaak en versprei word. Dit geld vir 18-jarige getuies, slagoffers en oortreders.[6]

Die primêre oogmerk met hierdie bydrae is om vas te stel of die posisie van anonieme minderjarige getuies, slagoffers en oortreders by bereiking van 18-jarige ouderdom wel korrek is. Dit word gedoen om te bepaal of die identiteit van sulke 18-jariges bekendgemaak behoort te word of nie. 'n Verdere kwessie is of 'n veroordeelde 18-jarige misdadiger dieselfde as getuies en slagoffers behandel moet word en of slagoffers en getuies 'n sterker aanspraak op die weerhouding van hul identiteit het.

Hierdie bespreking verwys ook na 'n Engelse saak waar 'n minderjarige, James Bulger, op 'n wrede wyse vermoor is en toon aan hoe die howe met die bekendmaking van die identiteit van die jeugdige oortreders by die bereiking van hul volwassenheid gehandel het.[7]

Vervolgens word die internasionale posisie ontleed, waarna die fokus na Suid-Afrikaanse wetgewing verskuif en die posisie van getuies, slagoffers en oortreders behandel word. Die

artikel sluit af met ’n aanbeveling van hoe toekomstige wetgewing die situasie behoort te benader.

2. Internasionale posisie

2.1 *Minimum Reëls vir die Administrasie van Kindergeregtigheid (1985)*

Die Verenigde Nasies se Minimum Standaard Reëls vir die Administrasie van Kindergeregtigheid,[8] alombekend as die Beijing-reëls, beskerm jeugdige oortreders se reg op privaatheid. Die reëls het geen bindende krag op soewereine state nie[9] en is geskep om state te help met die administrasie van kindergeregtigheid in hul onderskeie regstelsels. Dit is daarom ook belangrik vir Suid-Afrika dat die reëls in ag geneem moet word. Die reëls fokus spesifiek op minderjarige oortreders en verwys glad nie na die posisie van minderjarige getuies en slagoffers nie. Reël 8.1 vereis dat ’n jeugdige oortreder se privaatheid in alle stadiums gerespekteer moet word om sodoende te verhoed dat die jeugdige enige skade ly deur die onnodige publisiteit van die jeugdige se identiteit of deur die proses van etikettering. Verder bepaal reël 8.2 dat inligting wat tot die identifisering van ’n jeugdige oortreder kan lei, nie gepubliseer mag word nie. Die Beijing-reëls voer verder aan dat kinders veral vir stigmatisering vatbaar is.[10] Spesifiek kan die publikasie in die massamedia van die name van jeugdige oortreders en ander inligting oor die saak bydra tot die trauma wat jeugdige oortreders kan ondervind.[11] Kriminologiese navorsing het ook aangetoon dat die permanente klassifikasie van jong persone as "misdadigers" of "kriminele" nadelige gevolge vir jeugdige oortreders kan inhou.[12]Die uitgangspunt moet liewer die rehabilitasie van die jeugdige wees, in plaas daarvan om die jeugdige vir ewig as ’n misdadiger te klassifiseer.[13] Die Beijing-reëls bevat egter geen bepalings rakende die bekendmaking of verdere verswyging van die identiteit van persone wanneer hulle die ouderdom van 18 jaar bereik nie.

2.2 *Konvensie oor die Regte van die Kind (1989)*

Die Konvensie oor die Regte van die Kind (hierna die konvensie) is die mees omvattende verdrag met betrekking tot die beskerming van kinderregte ter wêreld.[14] Suid-Afrika het die verdrag in 1995 bekragtig. Ingevolge die Grondwet van Suid-Afrika moet internasionale reg in Suid-Afrikaanse howe oorweeg word wanneer enige reg in die handves van menseregte geïnterpreteer word. Dit sluit derhalwe die bepalings van die konvensie rakende die beskerming van die identiteit van minderjariges in.[15] Artikel 8(1) van die konvensie bepaal dat partye tot die verdrag onderneem om die identiteit van die kind te bewaar. Waar ’n kind onwettig van sommige of van al die elemente van sy identiteit ontneem word, bepaal artikel 8(2) dat partye die identiteit van die kind moet beskerm en sy identiteit so vinnig as moontlik moet hervestig. Artikel 16(1) bepaal onder meer dat geen kind onderworpe sal wees aan die arbitrêre inmenging van sy privaatheid en aanvalle op sy eer en reputasie nie.

Alhoewel die konvensie nie spesifiek bepaal dat 18-jarige getuies, slagoffers of oortreders se identiteite beskerm moet word nie, word dit nogtans van partye vereis om die nodige stappe te doen om te verseker dat minderjariges se fisieke, sielkundige en sosiale herintegrasie plaasvind.[16] ’n Argument kan dus uitgemaak word dat indien sodanige herintegrasie anonimiteit by meerderjarigheid vereis, dit toegelaat behoort te word.[17] Dieselfde geld vir minderjarige oortreders wie se waardigheid in aanmerking geneem word en partye die

herintegrasie van sulke persone moet bevorder sodat die persoon 'n konstruktiewe rol in die toekoms kan vervul.[18] Dit sal vir sodanige persone baie makliker wees om 'n konstruktiewe bydrae tot die samelewing te lewer indien hul identiteit beskerm word.

Die herintegrasie van sulke persone sal ook bevorder word indien hul identiteit beskerm word. Hierdeur word daar 'n geleentheid veral vir oortreders geskep om 'n nuwe blaadjie in hul lewens om te slaan. Soos reeds gemeld, bied die konvensie geen beskerming ten opsigte van minderjariges wanneer hulle 18 word nie. Artikel 40(1)(vii) verwys egter na die beskerming van die privaatheid van jeugdige beskuldigdes tydens verrigtinge. Hoewel die verrigtinge slegs verwys na die verrigtinge van 'n minderjarige beskuldigde, beteken dit nie dat dit nie uitgebrei kan word tot wanneer volwassenheid bereik word nie.[19] Daar is beslis ruimte vir die verdere uitbreiding van hierdie artikel. Die verwysing na "alle stadiums van die verrigtinge" kan moontlik die privaatheid van die beskuldigde se identiteit insluit al het hy sedertdien 18 jaar oud geword. Dit sal veral van toepassing wees waar 'n minderjarige die ouderdom van 18 jaar bereik terwyl die hofverrigtinge nog nie afgehandel is nie. Dit moet hier uitdruklik gestel word dat die nadelige uitwerking van die blootstelling van die minderjarige se identiteit aan die publiek nie opgeskort of verwyder word net omdat hy of sy 18 jaar oud word nie. Sodanige openbaarmaking van die identiteit kan steeds 'n uitwerking en invloed op die lewe van die nou meerderjarige hê.[20]

In die lig van die problematiek waarop hier bo gewys is, volg nou 'n bespreking van die situasie van minderjarige getuies, slagoffers en oortreders soos vervat in die Suid-Afrikaanse reg.

3. Die posisie van minderjarige getuies

In Suid-Afrika soos dit tans daar uitsien, word getuies in die algemeen en spesifiek minderjariges se reg op privaatheid en hul identiteit ingevolge verskeie wette beskerm. Ingevolge artikel 154(3) van die Strafproseswet, saamgelees met artikel 63(6) van die Child Justice Act (hierna CJA) mag geen persoon op enige wyse inligting openbaar en publiseer van getuies onder die ouderdom van 18 jaar nie.[21] Die identiteit van 'n openbare getuie of klaagster onder die ouderdom van 18 jaar mag ook nie tydens strafregtelike verrigtinge bekend gemaak word nie.[22] Die artikel bepaal ook verder dat geen inligting van die minderjarige gepubliseer mag word wat moontlik kan lei tot die identifisering van die minderjarige nie. Dit word aanbeveel dat enige inligting wat kan lei tot die identifisering van 'n minderjarige hierby ingesluit moet word. Sulke inligting behoort enige foto en/of skets van die minderjarige se agterkop en/of ruggedeelte wat hom moontlik kan identifiseer, in te sluit. Dit word aanbeveel dat die term "inligting" so wyd as moontlik geïnterpreteer moet word. Die beskerming van die identiteite van persone is in artikel 154(3) egter beperk tot minderjariges, en maak nie voorsiening wanneer die persone 18 jaar oud word nie.

Wat ons reg betref, bestaan daar heelwat ander spesiale maatreëls wat dit ten doel het om die identiteit van getuies tydens hofverrigtinge te beskerm. Eerstens is daar die gebruik van tussengangers om kwesbare jeugdige getuies te beskerm.[23] Die toelating van die getuienis word in sekere omstandighede deur geslotekringtelevisie[24] en *in camera*[25]in ons howe toegelaat. Artikel 170A(1) van die Strafproseswet bepaal dat 'n tussenganger aangestel kan word om 'n getuie wat "onder die biologiese of geestelike ouderdom van 18 jaar is" te help

sou so ’n getuie, volgens die oordeel van die hof, blootgestel word aan “onnodige geestelike stres of lyding” indien hy of sy by daardie verrigtinge sou getuig.[26] Die wetgewing maak dus hierdeur uitdruklike melding van die biologiese of geestelike ouderdom van 18 jaar en gevalle is nie beperk tot slegs persone met die biologiese ouderdom van 18 jaar nie. Die wetgewer het dus met tussengangers by implikasie erken dat as persone die biologiese ouderdom van 18 jaar bereik, dit nie noodwendig meebring dat so ’n persoon wel die geestelike ouderdom van 18 jaar bereik het nie. Hiervolgens bestaan daar geen rede waarom 18-jariges (en selfs ouer persone) nie ook die voordeel van anonimiteit moet geniet indien hulle nie die geestelike ouderdom van 18 jaar bereik het nie.

Getuienislewering deur middel van geslotekringtelevisie is beskikbaar vir alle getuies en is nie net beperk tot diegene wat onder die geestelike of biologiese ouderdom van 18 jaar is nie.[27] Artikel 158(2) van die Strafproseswet bepaal dat ’n hof ’n getuie of ’n beskuldigde kan toelaat om te getuig “deur middel van geslotekringtelevisie of kan gelas dat getuienis deur soortgelyke elektroniese media” plaasvind. Dit is egter net moontlik indien die nodige fasiliteite beskikbaar of redelik verkrygbaar is. Indien die hof bepaal dat sodanige tipe getuienislewering nie tot onredelike vertragings sal lei nie, dit koste sal bespaar en gerieflik is, sal dit wel kan plaasvind. Die hof sal ook ’n beslissing maak of dit inderdaad in die belang van die veiligheid van die Staat, openbare veiligheid of in die belang van geregtigheid sal wees om sodanige bevel toe te staan. Die beskerming is beskikbaar vir persone indien daar aangetoon kan word dat deur getuienis in ’n ope hof te gee, sodanige persoon benadeel kan word of kan skade ly as hy of sy persoonlik tydens hofverrigtinge teenwoordig is.[28]

Artikel 158(4) vereis uitdruklik dat die hof ’n billike en regverdige verhoor verseker, en dit word van die vervolging en die verdediging vereis om die getuie te ondervra en om sy of haar reaksie waar te neem. In die lig van hierdie bepaling het die howe[29] verklaar dat getuienis deur middel van geslotekringtelevisie nie in stryd met die beskuldigde se reg op ’n regverdige verhoor is nie. Die verswyging van die identiteit van 18-jariges behoort dus geen impak op ’n regverdige verhoor te hê nie.

Ander getuies wat ook beskerming ten opsigte van hul identiteit geniet, is beriggewers of informante.[30] Aan informante of beriggewers word ’n privilegie verleen wat die effek het dat ’n beriggewer se identiteit nie bekend gemaak mag word nie.[31] Daar word toegegee dat informante nodig is vir die doeltreffende bestryding van misdaad en een van die redes daarvoor is dat daar vir die veiligheid van die informant en sy of haar familie gevrees word indien sy of haar identiteit bekendgemaak word.[32] Dieselfde soort beskerming word verleen aan persone wat inligting ingevolge die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum[33] en die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite[34] aan die polisie verskaf. As bogenoemde gevalle ontleed word, is die beskerming van getuies en hul veiligheid een van die kardinale redes waarom hulle geregtig is op anonimiteit. Hierdie tipe beskerming is egter meer van toepassing op getuies – meer spesifiek staatsgetuies – en in sekere gevalle word dit beperk tot slagoffers. Sekere getuies word ook toegelaat om agter skerms in howe te getuig. Soos reeds hier bo genoem, bestaan daar ’n legio gevalle waar getuies hulle op anonimiteit kan beroep wanneer daar vir hulle veiligheid gevrees word of indien hulle nie die geestelike ouderdom van 18 jaar bereik het nie.[35]

Sodra minderjarige getuies egter die ouderdom van 18 jaar bereik, verval hul reg ten opsigte van die beskerming van hul identiteit. Jeugdiges wat meerderjarig word, is nog steeds in ’n proses van geestelike ontwikkeling.[36] Daar is alreeds melding van gemaak dat in artikel 170A

van die Strafproseswet verwys word na die geestelike ouderdom van 18-jariges, maar hulle word nou geregtelik as volwassenes beskou.[37] Ook die identiteit van 18-jariges behoort in sekere omstandighede beskerm te word. Dit is so dat daar daagliks getuienis in die howe gelewer word waar daar geensins sprake daarvan is dat getuies vir hul lewe vrees nie. Dit kan ’n onbetrokke ooggetuie wees of die minderjarige familielede van ’n klaer wat in ’n motorongeluk betrokke was. Daar kan dalk ook getuienis deur ’n minderjarige teen sy minderjarige oortreder-vriend gelewer word as ’n staatsgetuie in ’n winkeldiefstalsaak. In so ’n geval is dit waarskynlik nie nodig om die identiteit van die minderjarige getuie teen sy vriend te beskerm nie. Die fokus behoort te wees op 18-jarige getuies in sake wat wye publisiteit geniet en wie se lewens in gevaar gestel kan word indien die media hul identiteit ná die bereiking van 18 jaar bekend gaan maak. Indien sodanige bekendmaking die getuie ook moontlik aan enige emosionele skade gaan onderwerp, moet dit liewer heroorweeg word. Die weerhouding van die identiteit van ’n klaer of ’n ooggetuie moet beperk word tot gevalle waar dit bewys kan word dat die bekendmaking van identiteite moontlik kan lei tot ’n situasie wat die lewe van die getuie in gevaar kan stel of onnodige emosionele skade tot gevolg kan hê.

4. Die posisie van slagoffers

Kinderslagoffers loop gereeld onder die aanslae van die media deur.[38] Die Zephany Nurse-geval het sedert 2015 opslae in die media gemaak en daar is uiteraard begrip vir die trauma waaraan die jong dame blootgestel is.[39] Soos alreeds voorheen genoem, is Zephany die geboortenaam wat haar ouers aan haar gegee het. Sy was net drie dae oud toe sy in 1997 uit ’n Kaapse hospitaal ontvoer is. Dit is die naam wat sy sedert haar ontvoering tot op hede gebruik wat verswyg word. Die ontvoerder het na bewering vir Zephany as haar eie kind grootgemaak. Zephany ken dus die persoon as haar ma. Sy was verder blootgestel aan ’n omgewing waar sy beskerm en beskut gevoel het. Die Nurses het onraad vermoed toe hul jongste dogter op skool bevriend geraak het met ’n meisie en persone later opgemerk het dat hul dogter en haar nuwe vriendin soos susters lyk. Die dogter het haar pa van haar nuwe vriendin vertel, waarna deur middel van DNS-toetse vasgestel is dat die nuwe vriendin wel haar suster Zephany is.

Omdat Zephany in 2015 in matriek was, en nadat ’n aansoek namens haar by die hof ingedien is, het die hof beslis dat die media nie haar huidige (geregistreerde) naam bekend moes maak toe sy 18 jaar oud geword het nie.[40] Die media het ook onderneem om nie dié naam en van bekend te maak nie. Zephany was ’n slagoffer van omstandighede. Dit was dus van kardinale belang om Zephany te beskerm teen die media se moontlike aanslae. Sy was ook verder beskerm deurdat sy nie in die verhoor teen haar beweerde ontvoerder getuig het nie. Die strafsaak teen die persoon wat haar na bewering uit die Groote Schuur-hospitaal gesteel het, het in Februarie 2016 in die Wes-Kaapse hooggeregshof begin.[41] Die naam van die beskuldigde in die saak is ook summier van die media weerhou ten einde Zephany se huidige identiteit te beskerm. Die hof het dus beslis dat, ten spyte van die feit dat wetgewing nie voorsiening maak vir die beskerming van die identiteit van 18-jarige slagoffers soos Zephany nie, haar huidige identiteit wel beskerm moet word.

5. Die posisie van oortreders

Minderjarige oortreders, insluitend getuies en slagoffers, geniet die beskerming en weerhouding van hul identiteit gedurende hofverrigtinge.[42] Dieselfde beskerming word egter nie aan oortreders verleen by die bereiking van 18-jarige ouderdom nie. Vervolgens word die geval van die Griekwastad-seun bespreek wat gebuk moes gaan onder wydverspreide mediablootstelling toe hy 18 jaar oud geword het.

In 2012 het 'n minderjarige seun sy familie op 'n plaas buite Griekwastad vermoor. Hy is in die Noord-Kaapse hooggeregshof aan moord, regsverydeling en verkragting skuldig bevind en tot 20 jaar tronkstraf gevonnis.[43] Sy vonnis is op 13 Augustus 2014 opgelê.[44] Tydens die verhoor was die seun se identiteit beskerm ingevolge artikel 154(3) van die Strafproseswet. Gedurende dié tyd het die media wel af en toe foto's van die minderjarige gepubliseer, maar nie sy gesig blootgestel nie. Net twee dae na die oplegging van vonnis, op 15 Augustus 2014, het die seun 18 jaar oud geword en is sy naam vrylik deur die media bekendgemaak.[45] Dit was traumaties vir die seun en sy reaksie hierop was: "Dit was geweldig moeilik en traumaties vir my om alles te hanteer toe die koerante so skielik alles versprei het nadat ek 18 geword het."[46]

Hierdie stelling weerspieël hoe kwesbaar sommige jeugdiges kan wees by die bekendmaking van hul identiteit met die bereiking van 18-jarige ouderdom. Inderdaad, ná die identiteit van die seun gepubliseer is, was die wye publiek deeglik bewus van wie die Griekwastad-moorde gepleeg het. Daar kan aanvaar word dat die situasie uiteraard moeilik vir die seun was om te hanteer. Die seun is ook nou gewikkel in litigasie om te verhoed dat sy naam verder in die media genoem word.[47] Die Sentrum vir Kinderreg (hierna die sentrum) se hofsaak teen al die land se mediahuise spruit vanuit 'n aansoek om joernaliste te verbied om jeugmisdadigers by bereiking van 18 jaar te identifiseer.[48]

Alhoewel die media in Zephany Nurse se geval onderneem het om nie haar huidige naam bekend te maak nie, staan die media die aansoek van die seun teen. Die litigasie deur die sentrum is daarop gemik om die identiteit van die Griekwastad-seun en andere te beskerm en is soortgelyk aan die aansoek van Zephany Nurse.[49] Die sentrum is van mening dat die beskerming van die identiteit van beskuldigdes nie moet verval wanneer hulle 18 jaar oud word nie.[50]

Bykomend hiertoe voer die applikante aan dat die identifisering van kinders se identiteit, selfs nadat hulle 18 jaar oud geword het, emosionele skade aan 'n jeugdige oortreder kan berokken.[51] Ter illustrasie hiervan word na verskeie voorbeelde in die Suid-Afrikaanse regspraak verwys waar die identifisering van jeugdige oortreders nadat hul volwassenheid bereik het, 'n nadelige effek op hulle gehad het.[52] In byvoorbeeld die Eugène Terre'blanche-moordsaak het die jeugdige oortreder spoorloos verdwyn nadat die sentrum hom probeer opspoor het.[53] Daar is ook twee ander gevalle: een waar 'n jeugdige haar ouma se moord beplan[54] het en 'n ander waar 'n jeugdige 'n rol gespeel het in haar ouers se moord.[55] Albei jeugdiges, wat nou volwassenes is, vrees dat hul naasbestaandes wat nie bewus is van die moorde nie, daarvan sal uitvind.[56]

Die Griekwastad-seun het ook 'n ondersteunende verklaring by die hof ingedien waarin hy aanvoer dat hy nie eens weet of hierdie saak hom sal help nie, omdat almal klaar weet wie hy is.[57] Tog meen die seun dat die aansoek wel ander jeugdige oortreders kan help, en sê "geen

ander kind behoort onderwerp te word aan dieselfde intense media-aanslag waaraan ek blootgestel is nie".[58] Hy gaan verder en verklaar dat die mediadekking verskeie areas van sy toekoms kan benadeel.[59] Die media sal byvoorbeeld iets wil skryf oor sy eerste werk na sy vrylating, sy troudag, wanneer hy kinders kry en verskeie ander belangrike gebeurtenisse in sy lewe.[60] Sy laaste woorde in sy verklaring lui: "Ek wil net aangaan met my lewe."[61] Dit sal inderdaad baie moeilik wees vir die seun om voort te gaan met sy lewe indien die media toegelaat word om voortaan ongestoord nuus oor hom te publiseer. Die vraag ontstaan of hy enigsins 'n nuwe blaadjie kan omslaan indien sy identiteit bekend gemaak word. Oral waar hy hom in die toekoms sal bevind, is enige van sy handelinge nuuswaardig en sal hy hom dus nie op anonimiteit kan beroep nie.[62] Dit lyk op die oog af of die identifisering van die identiteit van die Griekwastad-seun nie in sy beste belang is nie.

Hy het egter nog nie op dié stadium aangedui of sy lewe wel in gevaar is en of hy verdere emosionele skade sal ly as gevolg van die bekendmaking van sy identiteit nie. Sodanige bekendmaking kan nietemin ook persone se "proses van gesond word" ontwrig en hulle verder traumatiseer, meen die minister van justisie, Michael Masutha.[63] Die minister ondersteun ook die argumente van die kinderregsentrum in sy hofsaak teen al die land se mediahuise om joernaliste te verbied om jeugmisdadigers by hul mondigwording te identifiseer.[64] Dit kan dalk te ambisieus wees om alle jeugmisdadigers se identiteite by 18-jarige ouderdom te verswyg. As daar nie lewensgevaar is vir so 'n persoon is nie, of waarskynlike emosionele skade nie voorsien word nie, of daar glad nie mediadekking of -belangstelling in 'n saak is nie, behoort 'n bevel van verswyging van identiteit nie gemaak te word nie.

Vervolgens word 'n voorbeeld uit die Engelse regspraak met betrekking tot die bekendmaking van die identiteit van minderjarige oortreders bespreek.

6. Die *Venables-Thompson*-saak

Op 12 Februarie 1993 het Jon Venables en Robert Thompson (hul geboortename), albei toe 10 jaar oud, die tweejarige James Bulger naby Liverpool ontvoer en vermoor.[65] Hulle het vier kilometer saam met die kleuter gestap terwyl hulle hom aangerand het. Hulle het hom daarna met 'n ysterstaaf doodgeslaan en hom op 'n treinspoor gelos sodat 'n trein oor hom kon ry.[66] Die ontvoering is deur die winkelsentrum se sekuriteitsvideostelsel opgeneem.[67] Die moord het wêreldwyd opslae gemaak. Die twee kinders is in Februarie 1993 in hegtenis geneem en hangende die verhoor aangehou. Die seuns is aangekla van moord en ontvoering toe hulle 11 jaar oud was en is in November 1993 aan albei klagtes skuldig bevind.[68] Hulle is elkeen tot agt jaar gevangenisstraf gevonnis.[69] Weens die omvattende mediadekking van die verhoor is daar gevrees dat hul lewens na hul vrylating in gevaar sou wees.[70]

Die negatiewe effek wat die verhoor en die publisiteit op die sielkundige ontwikkeling van die kinders gehad het, is in die hof beklemtoon deur sir Michael Rutter, professor van kindersielkunde by die Instituut van Sielkunde, Londen Universiteit.[71] Daar is ook beklemtoon dat die minderjarige beskuldigdes se situasie en sielkundige ontwikkeling nie met dié van 'n meerderjarige vergelyk kon word nie.[72]

In 2001, voor hul vrylating, is ’n siviele saak deur Venables en Thompson se prokureurs aanhangig gemaak om hul kliënte se identiteite te beskerm.[73] Op 10 Januarie 2001 staan regter-president Butler-Sloss ’n deurslaggewende bevel toe ingevolge waarvan ’n lewenslange verbod op die media geplaas is om enige inligting oor Robert Thompson en Jon Venables na hul vrylating later daardie jaar te publiseer.[74] Volgens haar uitspraak was daar ’n ooreenkoms met Thompson en Venables se prokureurs wat bepaal het dat hul kliënte se reg op lewe voorrang geniet bo die media se reg op vryheid van uitdrukking.[75] Sy beslis verder dat die staat in buitengewone omstandighede ’n verpligting teenoor individue het wanneer daar ’n risiko van besering of dood is as hul identiteit openbare kennis sou word. In hierdie verband is sy oortuig is dat Venables en Thompson uniek berug is en dat daar ’n ernstige risiko van aanvalle van lede deur die publiek asook van familie en vriende van die vermoorde kind bestaan. Sy was tevrede dat daar afdoende bewyse was dat daar by sommige lede van die publiek ’n ernstige begeerte was om wraak te neem indien die twee jong mans weer in die gemeenskap toegelaat sou word.[76] Sy beskou die bedreigings as so ernstig dat heeltemal nuwe identiteite op hul vrylating uit aanhouding aan Venables en Thompson verleen is. Sy beslis verder dat as in ag geneem word hoe die mediadekking van die spesifieke geval die voorafgaande agt jaar was, sy nie op sekere dele van die pers kon staatmaak nie, en versoek dat Thompson en Venables se anonimiteit gerespekteer en beskerm moet word.

Sy verklaar ook dat sy in aanmerking geneem het dat daar vorige persveldtogte teen pedofiele was wat meegebring is deur die publikasie van hul name en adresse. Dit het tot gevolg gehad dat ’n hele paar vuurbomaanvalle op onskuldige mense se huise en talle fisieke aanrandings plaasgevind het.[77] Weens die uitsonderlike omstandighede van hierdie geval, asook die toepassing van Engelse reg en die reg op lewe wat in artikel 2 van die Europese Konvensie van Menseregte[78] vervat is, kom die regter tot die slotsom dat die hof verplig is om Thompson en Venables te beskerm.

Sy verwys voorts daarna dat koerante feitlik gebie het om sekere inligting rakende die twee seuns te bekom. As voorbeeld noem sy die feit dat foto’s van Venables en Thompson toe hulle 16 jaar oud was, vir duisende ponde aan koerante aangebied is. Agente en tussengangers is ook aangestel om getuienis te bekom van diegene wat in kontak met die tieners in aanhouding gekom het.[79]

Die uitspraak deur regter Butler-Sloss is ’n verdoemende aanklag teen die reaksionêre en antidemokratiese karakter van vele Britse media. Die hof het in ag geneem dat die pers en die media ook sekere vryhede het, maar dat dit nie bo die regte van Thompson en Venables seëvier nie.

Ná hul vrylating na meer as ’n dekade, gepaardgaande met ’n nuwe identiteit, was nie een van hulle blootgestel aan enige nadelige gevolge van die misdaad wat hulle gepleeg het nie. Die feit dat Venables en Thompson ’n normale lewe kan lei na hul vrylating, is ’n sukses in die lig van die verandering van hul identiteite, aangesien die Venables-Thompson-saak wêreldwye mediadekking ontvang het en tot verskeie veranderings in die Engelse kindergeregtigheidwette gelei het. Suid-Afrika kan verskeie lesse uit hierdie belangrike saak leer.

7. Die media se reg op publikasie

Almal het die reg op vryheid van spraak.[80] Dit sluit die vryheid van die media in om inligting te publiseer wat hulle as nuuswaardig ag.[81] Daarteenoor het jeugdiges 'n reg op anonimiteit en privaatheid.[82] As gevolg van die feit dat die pers nuuswaardige hofsake dek, gebeur dit telkens dat sake bygewoon word waar jeugdiges betrokke is. Die pers se teenwoordigheid in sulke gevalle gaan dikwels gepaard met die verstandhouding met die howe dat die identiteite van minderjariges beskerming geniet.[83] Die media het ingestem om nie Zephany Nurse se huidige identiteit openbaar te maak nie, maar staan die aansoek van die Griekwastad-seun teen.[84]

Susan Smuts van die Times Media-groep meen egter dat die bevel wat die Sentrum vir Kinderreg hier aanvra, te wyd is, aangesien dit kinders sal ontneem van die geleentheid om hul stemme te laat hoor indien hulle later sou kies om hul storie te vertel.[85] Blum wys daarop dat die bekendmaking van die identiteit van die jeugdige oortreder die publiek 'n ideale geleentheid gee om hul ontevredenheid oor die misdaad uit te spreek.[86] Volgens Blum moet dié stelling egter nie gesien word as 'n katalisator vir moontlike geweld teen die minderjarige nie.[87] Die mediagedragskode wat joernaliste onderskryf, het boonop verskeie bepalings wat verseker dat joernaliste sensitief moet omgaan met sekere beriggewing. So 'n wye verbod kan egter praktiese probleme veroorsaak.

Dit is so dat nie alle sake waarin minderjariges betrokke is, wye publisiteit geniet nie. Sommige verskyn in howe en geen woord word daaroor in die media gerep nie. Dit regverdig dus nie 'n algehele verbod op die publikasie van die identiteit van alle minderjariges by die bereiking van 18-jarige ouderdom nie. Die verswyging van identiteit by 18 jaar behoort dus beperk te word tot sake wat wye publisiteit geniet het. Indien die bekendmaking van die identiteit as gevolg van die publikasie nadelige gevolge vir sulke persone kan inhou, behoort daar 'n remedie te wees. Daar is nietemin altyd die moontlikheid dat waar daar nie wye publisiteit aan 'n saak verleen is nie, so 'n persoon nog steeds nadelig deur die bekendmaking van sy of haar identiteit geraak kan word. Die gevolge kan wissel van lewensgevaarlike omstandighede soos in die Venables-Thompson-geval of emosionele skade soos in die Nurse-geval. In sodanige gevalle het die betrokkenes nog altyd die opsie om hulle tot die howe te wend.

8. Die tekortkominge in wetgewing

Uit bostaande blyk dit dat daar beslis 'n leemte in ons reg is met betrekking tot die bekendmaking van die identiteit van sekere 18-jariges. Die nadelige gevolge wat met die bekendmaking van sodanige identiteite gepaard kan gaan, moet aandag geniet.[88]

Dit is moontlik dat 18-jariges (getuies, slagoffers en oortreders) abnormale lewens lei indien hul identiteit bekendgemaak word. Hulle is nog steeds in 'n ontwikkelingsfase as jong volwassenes en kan nie vergelyk word met 'n volwassene in sy of haar laat twintigerjare wat meer gevorderd ten opsigte van sy of haar ontwikkeling is nie.[89] Die verdere ontwikkeling van die persone kan in gedrang kom indien hul identiteit bekendgemaak word.[90] Daar word saamgestem dat 'n persoon soos Zephany Nurse se huidige identiteit nie bekendgemaak behoort te word nie, tensy sy later daartoe sou toestem en sodanige publisiteit kan hanteer.

Daar kan nie van haar verwag word om in hierdie stadium die intense media-aanslae te verwerk nie. Die gepaardgaande kollig wat sy sal moet trotseer, word niemand toegewens nie, veral nie ’n persoon wat nie eers bewus was van wat in die verlede gebeur het nie.[91] Meer nog, haar lewe is nou in ’n warboel, want sy moet vir lief neem met die feit dat die persoon wat sy as moeder ken, moontlik ’n misdadiger is wat haar by geboorte gesteel het. Sy word ook nou gekonfronteer daarmee dat sy biologiese ouers het van wie se bestaan sy voorheen algeheel onbewus was. Daar word gevolglik aanbeveel dat wetgewing verander word om effek te gee daaraan dat minderjarige getuies en slagoffers soos Zephany se identiteit nie deur die wye media bekendgemaak moet word by die bereiking van 18-jarige ouderdom nie.

Die vraag wat nou verder opduik, is of ’n veroordeelde moordenaar soos die Griekwastad-seun dieselfde beskerming rakende sy identiteit moet verkry as Zephany, of is sy situasie uniek? Daar word toegegee dat Zephany ’n onskuldige slagoffer en die Griekwastad-seun ’n veroordeelde moordenaar is. Daar word verder toegegee dat die misdade op sy familie nie geregverdig kan word nie, maar beteken dit dat hy, en andere soos hy, nie kan voortgaan met hul lewe wanneer hulle eendag vrygelaat word nie? Indien die seun se identiteit vrylik deur die media versprei word, sal hy sekerlik in die toekoms ’n baie eensame lewe lei.[92] Indien hy in ’n verhouding betrokke raak en selfs ’n werk kry, sal die media nie huiwer om die nuus bekend te maak nie. Dit sal nie net die seun se lewe bemoeilik nie, maar ook dié van sy (toekomstige) familie, vriende en kollegas.

Die vraag is of hierde argumente voldoende is om die toekomstige verswyging van sy identiteit te regverdig. Sy naam was al telkemale in die media gepubliseer en die moontlikheid van verdere publikasies oor sy lewe is nie uitgesluit nie. Dit kan ’n permanent nadelige effek op hom hê. Die “nadelige gevolge” van die permanente identifikasie waarna die Beijing-reëls[93] verwys, moet nie onder die mat gevee word nie, maar deur plaaslike regstelsels, insluitend die Suid-Afrikaanse, as ’n direkte oorsaak van die openbaarmaking van die identiteit van jeugdige beskuldigdes gesien word. Daar word aanbeveel dat hy sal moet bewys dat toekomstige mediadekking wel ’n nadelige gevolg op sy emosionele ontwikkeling sal hê.

Kan die situasie geregverdig word indien slagoffers soos Zephany se identiteit beskerm moet word, maar oortreders soos die Griekwastad-seun s’n nie? Dit kan neerkom op diskriminasie indien minderjarige slagoffers – en moontlik getuies – wat 18 jaar oud word se identiteit beskerm word, maar oortreders se identiteite nie beskerm word wanneer hulle 18 jaar oud word nie.

Artikel 9(1) van die Grondwet bepaal die volgende: “[E]lkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.” Boonop sal die diskriminasie ten opsigte van die bekendmaking van die identiteit in so ’n geval miskien nie billik wees ingevolge artikel 9(5) van die Grondwet nie. Dit kan dus neerkom op ’n skending van die Griekwastad-seun se grondwetlike regte deurdat hy nie gelyk met Zephany Nurse behandel word nie.[94] Die verskil tussen Zephany Nurse en die Griekwastad-seun is dat hy skuldig bevind is aan moord en dat sy ’n onskuldige slagoffer is. Behoort daar nie eerder gekyk te word na die moontlike nadelige effek wat die openbaarmaking van identiteit vir persone kan inhou nie?

Soos reeds genoem, is lewensgevaar en emosionele skade faktore wat in aanmerking geneem kan word. Die bewys van emosionele skade kan tot gevolg hê dat indien gevalle soos Zephany Nurse en die Griekwastad-seun nie gelyk behandel word nie, dit op diskriminasie as

gevolg van kriminele oortreding kan neerkom. Daar moet in gedagte gehou word dat kragtens artikel 9(5) van die Grondwet diskriminasie op grond van 'n kriminele oortreding tans nie onbillik is nie.

Die belangrikheid van die reg op waardigheid van persone is verskans in artikel 10 van die Grondwet.[95] Hoewel die Grondwet waardigheid verleen omdat daar in ons land se verlede 'n gebrek aan menswaardigheid vir sekere Suid-Afrikaners was, kan dit van toepassing op minderjarige oortreders gemaak word. Sodanige diskriminasie kan nie kragtens artikel 36 van die Grondwet geregverdig word nie.[96]

Soos reeds voorheen vermeld, word nie alle minderjarige kinders wat misdade pleeg se identiteite openbaargemaak wanneer hulle meerderjarig word nie. As 'n saak nie in die media opslae gemaak het nie, sal so 'n kind se naam glad nie deur die media bekendgemaak word nie. As 'n seun byvoorbeeld 'n sjokolade gesteel het op die ouderdom van 11 jaar en later 'n wetsgehoorsame burger van die samelewing is, sal daar niks verder hieroor berig word nie.

In Suid-Afrika geniet sowel getuies as slagoffers in strafsake beskerming van hul identiteit. Hul identiteit word, soos hier bo bespreek, beskerm deurdat hulle anonieme getuienis kan lewer en agter skerms kan getuig.[97] Daar kan aanvaar word dat die staatsaanklaers, die hof en die verdediging soms wel die identiteit van die persone ken. Die rede vir die niepublikasie van sulke getuies se name by die bereiking van 18 jaar is dat dit nie sensasie en dus vir die media belangrik is nie. Die publikasie van die inligting oor minderjarige oortreders soos die Griekwastad-seun is egter 'n ander storie. Dit is nuuswaardig en goed vir die verkoopsyfers van veral die gedrukte media. Dit is daarom belangrik om 'n grens te stel ten opsigte van die sensasie wat die media in hierdie gevalle uitlok.

Minderjarige oortreders het in die algemeen ook 'n reg op rehabilitasie. As hul straf uitgedien is en hulle 'n nuwe, skoon blaadjie omgeslaan het, behoort die media nie almal aan hul verlede te herinner nie. Daar is altyd die moontlikheid dat ontevrede familielede, soos in die Thompson-Venables-geval, die reg in eie hande sal neem en die oortreders leed sal wil aandoen.[98] Een van die redes vir die afskaffing van die doodsvonnis in Suid-Afrika is juis die feit dat so 'n vonnis die effek het dat 'n persoon hom glad nie kan rehabiliteer nie.[99] Indien 'n persoon gevonnis word, vergeet die algemene publiek na 'n paar jaar van so 'n persoon. Die probleem met die openbaarmaking van die identiteit van 18-jariges is dat die nuus weer opgedis en publisiteit gegee word aan iets wat eintlik nie meer nuuswaardig is nie.

Die gevaar met die bekendmaking van identiteit is dat jeugdiges wat 18 jaar oud word, nie net hul reg op privaatheid van identiteit verloor nie, maar ook hulle eie identiteit en sielkundige ontwikkeling in gevaar stel.[100] Dit is interessant om te let op die beslissing in *F v Minister of Safety and Security.*[101] Die klaagster is op 13-jarige ouderdom deur 'n polisieman verkrag en het by bereiking van meerderjarigheid 'n siviele eis teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit ingestel. In beide die hoogste hof van appèl[102] en die konstitusionele hof[103] is na haar verwys as "F" of "Ms F". Daar is geen aanduiding in die beslissings dat sy versoek het dat haar identiteit nie bekend gemaak moet word nie, maar weerhouding van haar naam is nogtans deur albei howe gedoen, alhoewel sy toe reeds 26 jaar oud was.

Daar word aan die hand gedoen dat die beskerming van die identiteit van anonieme minderjariges by die bereiking van 18-jarige ouderdom as volg moet geskied. Daar word nie 'n deur-die-bank-verswyging van die identiteit van anonieme minderjariges by die bereiking

van 18-jarige ouderdom voorgestel nie. Eerstens moet daar vasgestel word of sulke persone wel die geestelike ouderdom van 18 jaar bereik het. Indien nie, moet hulle, al is hulle 18 jaar oud of ouer, nie regtens beskou word as 18-jariges nie. Hul identiteit moet dus beskerm word ten spyte van die feit dat hulle wel die biologiese ouderdom van 18 jaar bereik het. Tweedens behoort slegs getuies, slagoffers en oortreders wat in sake betrokke is wat wydverspreid deur die media gepubliseer is, hierdie vergunning te kry. Derdens behoort daar ’n onus op die getuie, slagoffer of oortreder geplaas te word om tydens die wydgepubliseerde hofsaak aan te toon dat die openbaarmaking van hul identiteit ’n gevaar vir hul toekomstige veiligheid kan inhou en/of dat sodanige openbaarmaking moontlike toekomstige emosionele skade kan inhou. In die geval van ’n minderjarige oortreder behoort die onus op die verdediging te rus om te bewys dat daar aan hierdie gronde voldoen is, en in die geval van minderjarige getuies en slagoffers behoort die onus op die staat te rus. Die hof sal dus tydens die wydgepubliseerde saak moet besluit of die aansoeker se identiteit by 18-jarige ouderdom steeds verswyg moet word of nie.

Daar moet weer eens hier beklemtoon word dat nie alle minderjarige getuies, slagoffers en oortreders se identiteite beskerm moet word wanneer hulle 18 jaar oud word nie. Soos alreeds voorheen vermeld, en met verwysing na die *Thompson-Venables*-saak, behoort die reg op die lewe van ’n jeugdige voorrang te geniet bo die media se aanspraak om inligting oor die minderjarige te publiseer. Daar moet te alle tye gepoog word om te verseker dat die jeugdige se identiteit beskerm word in gevalle waar dit uiters gevaarlik is om enige inligting oor die jeugdige te publiseer en waar daar moontlik toekomstige emosionele skade kan wees.

9. Gevolgtrekking

Die bekendmaking van die identiteit van minderjarige getuies, slagoffers en oortreders by die bereiking van 18-jarige ouderdom is ’n sensitiewe kwessie wat met respek, privaatheid en omsigtigheid gehanteer moet word. Die howe moet daagliks sake aanhoor waar die media toegang wil verkry tot ’n saak waar ’n minderjarige betrokke is. Howe is dus onder baie druk om die regte van minderjarige jeugdiges te beskerm, terwyl hulle ook die regte van die media moet oorweeg.[104] Getuies en slagoffers soos Zephany Nurse moet ’n kans gegun word om met hul lewens voort te gaan sonder die moontlike gevare wat die media inhou. Indien ’n persoon soos die Griekwastad-seun skuldig bevind word aan ’n misdaad, moet hy gestraf word. Dit beteken egter nie dat so ’n persoon vir die res van sy lewe met ’n Kainsmerk moet loop nie. As hy sy skuld betaal en sy vonnis klaar uitgedien het, het hy sekerlik ook die reg verdien om soos ’n normale burger behandel te word. Daar kan nie van sulke persone verwag word om ’n normale lewe te lei as daar nie oorweeg word om hul identiteit te beskerm nie en die media *carte blanche* het om oor hul daaglikse doen en late te berig nie. Indien die bekendmaking van die identiteit van anonieme minderjariges by die bereiking van 18-jarige ouderdom moontlik lewensgevare, lewensverliese en emosionele skade tot gevolg sal hê, moet sodanige identiteit liewers verswyg word. Die wetgewer word dus dringend versoek om aandag aan hierdie kwessie te skenk.

Bibliografie

Barendt, E. 2009. Freedom of expression in the United Kingdom under the Human Rights Act 1998. *Indiana Law Journal*, 84(3):851–66.

Barrett, R. 2016. Out of prison, out of work: Ex-inmates face struggles after release. http://www.jsonline.com/business/out-of-prison-out-of-work-ex-inmates-face-struggles-after-release-b99469453z1-297945041.html (15 April 2016 geraadpleeg).

Bellengere, A. e.a. 2013. *The law of evidence in South Africa (basic principles).* Kaapstad: Oxford University Press.

Blum, A.R. 1996. Disclosing the identities of juvenile felons: Introducing accountability to juvenile justice. *Loyola University Chicago Law Journal*, 27(2):349–400.

Butler, D. 2005. A tort of invasion of privacy in Australia? *Melbourne University Law Review*, 29(2):339–89.

Cauffman, E., J. Woolard en N.D. Reppucci. 1998–1999. Justice for juveniles: New perspectives on adolescents' competence and culpability. *Quarterly Law Review*, 18(3):403–19.

Celliers, C. 2012. *Die beskerming van kinderregte in die Suid-Afrikaanse reg in die lig van die Kinderwet 38 van 2005*; skripsie ingedien by Unisa, September 2012. http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/8615/dissertation_celliers_c.pdf?sequence=1 (14 Augustus 2015 geraadpleeg).

Crofts, T. 2002. *The criminal responsibility of children and young persons: A comparison of English and German law*. Aldershot: Ashgate.

Currie, I. en J. de Waal. 2013. *The Bill of Rights handbook.* 4de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Dowd, N.E., D.G. Singer en R.F. Wilson (reds.). 2006. *Handbook of children, culture, and violence*. Thousand Oaks: Sage Publications.

Fisher, S. en G. Gerbi. 2016. Accused in Zephany Nurse case found guilty on all 3 charges. http://ewn.co.za/2016/03/10/Woman-who-kidnapped-Zephany-Nurse-found-guilty-of-all-3-charges (11 April 2016 geraadpleeg).

Fondacaro, M.R. 2014. Rethinking the scientific and legal implications of developmental differences research in juvenile justice. *New Criminal Law Review*, 17(3):407–41.

Happold, M. 2008. Child soldiers: Victims or perpetrators? *University of La Verne Law Review*, 29:56–87.

Hyland, J. 2001. Two boys convicted of Jamie Bulger killing win anonymity ruling. https://www.wsws.org/en/articles/2001/01/bul-j10.html (4 Augustus 2015 geraadpleeg).

Johnston, P. 2001. Free in days: The killers of Jamie Bulger. *The Telegraph*, 23 Junie 2001. http://www.telegraph.co.uk/news/uknews/1312390/Free-in-days-the-killers-of-Jamie-Bulger.html (2 Mei 2016 geraadpleeg).

Jones, L.M., D. Finkelhor en J. Beckwith. 2010. Protecting victims' identities in press coverage of child victimization. *Journalism*, 11(3):347–67.

Keating, H. 2007. The "responsibility" of children in the criminal law. *Child and Family Law Quarterly*, 19(2):183–203.

Kintzinger, A.R. 1980. Freedom of the press vs juvenile anonymity: A conflict between constitutional priorities and rehabilitation. *Iowa Law Review*, 65(5):1471–96.

Lafayette, E. 2013. The prosecution of child soldiers: Balancing accountability with justice. *Syracuse Law Review*, 63(2):297–325.

Laubenstein, K.M. 1995. Media access to juvenile justice: Should freedom of the press be limited to promote rehabilitation of youthful offenders? *Temple Law Review*, 68(4):1897–939.

Mason, J. 2011. Confidentiality in juvenile delinquency proceedings. *Juvenile Law Bulletin*, 1:1–28.

Media 24. 2014. Media now free to name Griekwastad killer. http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Media-now-free-to-name-Griekwastad-killer-20140815 (10 Februarie 2016 geraadpleeg).

Pimentel, D. 2013–2014. The widening maturity gap: Trying and punishing juveniles as adults in an era of extended adolescence. *Texas Technological Law Review*, 46(1):71–102.

Putnam, C. en D. Finkelhor. 2006. Mitigating the impact of publicity on child crime victims and witnesses. In Dowd, Singer en Wilson (reds.) 2006.

Quintal, G. 2016. "Respect my privacy" – Zephany Nurse's emotional plea to media. http://www.news24.com/SouthAfrica/News/respect-my-privacy-zephany-nurses-emotional-plea-to-media-20160306(10 Februarie 2016 geraadpleeg).

Robinson, J.A. 2012. The right of child victims of armed conflict to reintegration and recovery. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 15(1):46–101.

Scholtz, H. 2016. "Jeugmisdadigers: 'Media mag nooit sê wie hulle is.'" Netwerk 24, 10 Januarie 2016. http://www.netwerk24.com/Nuus/Hof/jeugmisdadigers-media-mag-nooit-se-wie-hul-is-20160110?mobile=true (11 Januarie 2016 geraadpleeg).

Schroeder, F. 2015. Zephany in fight to keep name. http://www.iol.co.za/news/crime-courts/zephany-in-fight-to-keep-name-1996963 (11 April 2016 geraadpleeg).

Schwikkard, P.J. en S.E. van der Merwe. 2009. *Principles of evidence.* 3de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Scott, E.S. 2014. "Children are different": Constitutional values and justice policy. *Ohio State Journal of Criminal Law*, 11(1):71–105.

Steytler, N.C. 1996. *Constitutional criminal procedure – A commentary on the Constitution of the Republic of South Africa*. Durban: Butterworths.

Terblanche, S.S. 2007. Sentencing a child who murders – *DPP, KwaZulu-Natal v P* 2006 (1) SACR 243 (SCA). *South African Journal of Criminal Justice*, 20(2):243–55.

Than, K. 2006. "Brains of young adults not fully mature". http://www.livescience.com/7005-brains-young-adults-fully-mature.html (6 April 2016 geraadpleeg).

Williams, A. en H. Gye. 2013. Jon Venables freed again: James Bulger killer "secretly released from jail and given FOURTH new identity". *Mail Online*, 3 September 2013.

http://www.dailymail.co.uk/news/article-2409521/Jon-Venables-freed-James-Bulger-killer-secretly-released-jail-given-FOURTH-new-identity.html (28 Augustus 2015 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] *Centre for Child Law v Media 24 Ltd* 23871/15. Sien ook art. 8.3 van die Suid-Afrikaanse Mediakode.

[2] *Staat v DD K/S* 46/2012. Die skrywers het besluit om nie die seun se naam in hierdie artikel te noem nie.

[3] Art. 74 van die Kinderwet 38 van 2005. Art. 153(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 handel oor getuies en art. 154(3) van die Strafproseswet oor beskuldigdes.

[4] Sien *S v Nzama* 1997 1 SASV 542 (D).

[5] Sien Putnam en Finkelhor (2006:113).

[6] Art. 17 van die Kinderwet bepaal dat wanneer 'n kind die ouderdom van 18 jaar bereik, hy of sy geag word 'n meerderjarige te wees. Art. 28(2) van die Grondwet van Suid-Afrika bepaal dat 'n kind 'n persoon onder 18 jaar is. Sien ook Currie en De Waal (2005:599).

[7] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB)**.**

[8] United Nations Standard Minimum Rules for the Administration of Juvenile Justice, 1985. Die Beijing-reëls is op 29 November 1985 deur die Algemene Vergadering Resolusie 40/33 gepromulgeer.

[9] Sien Happold (2008:75, 84).

[10] Kommentaar op Beijing reël 8; sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:348).

[11] Kommentaar op Beijing reël 8; sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:347).

[12] Kommentaar op Beijing reël 8.

[13] Sien Scott (2013–2014:102); Pimentel (2013–2014:100).

[14] Die verdrag is op 20 November 1989 gepromulgeer en op 2 September 1990 bekragtig. Sien ook Currie en De Waal (2005:604).

[15] Artt. 39(1)(b) en 233 van die Grondwet; sien ook Celliers (2012).

[16] Sien oor die algemeen Robinson (2012:81).

[17] Art. 39 van die Konvensie oor die Regte van die Kind. Sien ook Scott (2013–2014:101); Keating (2007:201).

[18] Art. 40 van die Konvensie oor die Regte van die Kind. Lafayette (2013:325) meen dat herintegrasie 'n prominente rol moet speel in die lewe van 'n jeugdige en verduidelik: "Any child under the age of eighteen should be treated with the primary goal of rehabilitation and reintegration into society."

[19] Sien Pimentel (2013–2014:84, 100).

[20] Sien oor die algemeen Pimentel (2013–2014).

[21] Child Justice Act 75 van 2008 en die Strafproseswet. Persone tussen 18 en 21 jaar word ook in sekere omstandighede as "kinders" geklassifiseer ingevolge art. 4(2) van die CJA. Hoewel hulle sekere regte geniet soos vervat in die CJA, word die identiteit van hierdie persone nie beskerm ingevolge die CJA en die Strafproseswet nie.

[22] Art. 63(6) van die CJA; art. 154(3) van die Strafproseswet.

[23] Art. 170(A) van die Strafproseswet; Schwikkard en Van der Merwe (2009:381); Bellengere (2013:326).

[24] Art. 158(2) van die Strafproseswet.

[25] Art. 153(2) van die Strafproseswet; sien ook Steytler (1996:254).

[26] Steytler (1996:348).

[27] Steytler (1996:254).

[28] Art. 158(3)(e) van die Strafproseswet.

[29] *S v Domingo* 2005 1 SACR 193 (K) 199; *S v Staggie* 2003 1 SACR 232 (K) 252H.

[30] Art. 202 van die Strafproseswet; sien ook *R v Abelsohn* 1933 TPD 227, 231; Schwikkard en Van der Merwe (2009:165).

[31] Die privilegie van die identiteit van 'n informant is as grondwetlik verklaar in *Els v Minister of Safety and Security*1998 2 SACR 93 (N).

[32] Sien *Els v Minister of Safety and Security*; *Swanepoel v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 1999 2 SACR 284 (T); sien ook Schwikkard en Van der Merwe (2009:165); Bellengere (2013:326).

[33] Art. 38(3) van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001; sien ook Schwikkard en Van der Merwe (2009:170); Bellengere (2013:326).

[34] Art. 17(9) van die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33van 2004; sien ook Schwikkard en Van der Merwe (2009:170).

[35] Sien Putnam en Finkelhor (2006:119).

[36] Sien oor die algemeen Fondacaro (2014).

[37] Art. 28 van die Grondwet; art. 17 van die Kinderwet.

[38] Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:358).

[39] Die persoon wat haar na bewering as baba gesteel het, se verhoor vind al sedert Februarie 2016 in die Wes-Kaapse hooggeregshof plaas.

[40] *Centre for Child Law v Media 24 Ltd* 23871/15.

[41] Fisher en Gerbi (2016).

[42] Art. 154(3) van die Strafproseswet.

[43] *Staat v DD K/S* 46/2012, vonnisverhoor, par. 51. Frans Kgomo RP het die uitspraak op 27 Maart 2014 gelewer.

[44] *Staat v DD K/S* 46/2012, vonnisverhoor, parr. 51–2.

[45] Media 24 (2014).

[46] Scholtz (2016); sien ook Putnam en Finkelhor (2006:114); Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:347).

[47] Scholtz (2016). Inligting bekom van Carina du Toit, advokaat by die Sentrum vir Kinderregte, op 11 Januarie 2016, asook van die gedrukte media. Geen rekord van enige hofsaak was beskikbaar ten tye van die skrywe van hierdie bydrae nie. Die saak is nog nie geargumenteer voor die hof nie en die betoogshoofde is nog nie opgestel nie. Op 10 Desember 2015 het die sentrum ’n repliserende verklaring van die staat ontvang. Aan die einde van Januarie het die sentrum beoog om ’n repliserende verklaring aan die mediarespondent en die staatrespondent te stuur. Die sentrum sou hierna ’n hofdatum by die hooggeregshof aanvra. Op hierdie stadium is daar nog nie ’n hofdatum vasgestel nie. Die skrywers is dankbaar teenoor adv. Du Toit vir haar noemenswaardige bydrae tot hierdie artikel.

[48] Scholtz (2016).

[49] *Centre for Child Law v Media 24 Ltd* 23871/15.

[50] Scholtz (2016).

[51] Scholtz (2016). In *Roper v Simmons* 543 U.S. 551 (2005) par. 574 het die hof beslis dat die kwaliteite wat jeugdiges van volwassenes onderskei, nie verval wanneer die jeugdige 18 word nie (sien ook Fondacaro (2014:412).

[52] Scholtz (2016).

[53] *S v Mahlangu* [2012] ZAGPJHC 114; sien ook Scholtz (2016).

[54] Die jeugdige was 12 jaar oud toe sy twee mans gehuur het om haar ouma te vermoor (sien *DPP, KwaZulu-Natal v P*2006 1 SACR 243 (HHA)). Sien oor die algemeen Terblanche (2007).

[55] Scholtz (2016).

[56] *Ibid*.

[57] *Ibid*; sien ook Putnam en Finkelhor (2006:114).

[58] *Ibid*.

[59] Scholtz (2016). Putnam en Finkelhor (2006:114) wys daarop dat bitter min navorsing gedoen is oor die impak van die media op die jeugdige. Nietemin, hulle beweer dat die huidige teoretiese en empiriese resultate aandui dat die media ’n negatiewe impak op jeugdiges het wanneer hul identiteit bekendgemaak word. Sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:348).

[60] Scholtz (2016). Sien ook Putnam en Finkelhor (2006:114).

[61] Scholtz (2016).

[62] Sien bv. Putnam en Finkelhor (2006:114).

[63] Scholtz (2016); sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:347).

[64] Scholtz (2016).

[65] *T v the United Kingdom* – 24724/94 [1999] *ECHR and V v the United Kingdom* – 24888/94 [1999] ECHR par. 7 (hierna *T v the UK*). Hierdie sake is deur die Europese Hof vir Menseregte aangehoor. Sien ook Terblanche (2007:246).

[66] *T v the UK* par. 7.

[67] *Ibid*.

[68] *T v the UK* par. 15.

[69] *T v the UK* par. 20.

[70] Sien Williams en Gye (2013).

[71] *T v the UK* par. 18.

[72] Sien *Media 24 Ltd v National Prosecuting Authority* (*Media Monitoring Africa as Amicus Curiae*): *In Re S v Mahlangu* 2011 2 SACR 321 (GNP); sien ook Scott (2013–2014:96).

[73] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB); sien ook Barendt (2009:865).

[74] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB); sien oor die algemeen Bradley (2003); Hyland (2001).

[75] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB); sien ook Barendt (2009:865); Butler (2005:349).

[76] Sloss RP verwys na die potensiële gevare van die media in hierdie geval waar sy sê: "I am, of course, well aware that, until now, the courts have not granted injunctions in the circumstances which arise in this case. It is equally true that the claimants are uniquely notorious. On the basis of the evidence presented to me, their case is exceptional. I recognise also that the threats to the life and physical safety of the claimants do not come from those against whom the injunctions are sought. But the media are uniquely placed to provide the information that would lead to the risk that others would take the law into their own hands and commit crimes against the claimants." Sien *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB); sien ook Barendt (2009:865).

[77] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB); sien ook Johnston (2001).

[78] Europese Konvensie oor Menseregte, 1950. Die konvensie is op 4 November 1950 gepromulgeer en op 3 September 1953 bekragtig.

[79] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB)**.**

[80] Art. 16(1) van die Grondwet.

[81] Artikel 16(1)(a) van die Grondwet; sien ook Steytler (1996:254); vgl. Kintzinger (1980:1471).

[82] Art. 14 van die Grondwet.

[83] Steytler (1996:254); vgl. Kintzinger (1980:1471).

[84] Sien Scholtz (2016).

[85] *Ibid*; sien ook Blum (1996:391).

[86] Blum (1996:391).

[87] *Ibid*.

[88] Laubenstein (1995:1901); sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:349).

[89] Sien Cauffman, Woolard en Reppucci (1998–1999:404); Crofts (2002:84); Keating (2007:194–5, 200); Than (2006).

[90] Laubenstein (1995:1897); sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:348).

[91] Quintal (2016).

[92] Kintzinger (1980:1486); sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010).

[93] Reël 8(1) van die Beijing-reëls. Sien ook Jones, Finkelhor en Beckwith (2010:349).

[94] Artt. 9 en 10 van die Grondwet.

[95] In *Dawood, Shalabi, Thomas v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH) par. 35 beslis die konstitusionele hof soos volg: "It cannot be stated that there is a more specific right that protects individuals who wish to enter into and sustain permanent intimate relations than the right to dignity in section 10."

[96] Art. 36(1) van die Grondwet bepaal: “Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens ’n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in ’n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van …”

[97] Art. 153(2) van die Strafproseswet.

[98] *Venables & Thompson v News Group Newspapers Ltd*[2001] EWHC 32 (QB)**.**

[99] *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 par. 240.

[100] Than (2006).

[101] *F v Minister of Safety and Security* 2012 1 SA 536 (KH).

[102] *Minister of Safety and Security v F* 2011 3 SA 487 (HHA) par. 2.

[103] *F v Minister of Safety and Security* 2012 1 SA 536 (KH) par. 5.

[104] Art. 16 van die Grondwet; Currie en De Waal (2005:343). Sien ook *New York Times Co v United States* 403 US 713 (1971).